# PRYS VASSTELLING VAN VOEDSEL

**Suid-Afrika is midde-in 'n voedselkrisis. Een uit vier Suid-Afrikaners gaan gereeld honger slaap! Dit is onaanvaarbaar. Wat is die rede vir hierdie krisis?**

## Die voedselreuse besteel die armes!

**Prysvasstelling** is waar maatskappye wat in dieselfde mark meeding, onwettig met mekaar ooreenkom om die prys van algemene kossoorte, vas te stel. Deur ooreen te kom dat nie een van hulle teen laer pryse sal verkoop nie, dwing hulle verbruikers om die hoë pryse wat hulle bepaal het, te betaal.

**Tiger Brands**, **Pioneer Foods** en **Premier Foods** het tussen 1999 en 2007, die prys van brood en mieliemeel – twee van ons stapelvoedsels – vasgestel. Arm mense wat op hierdie voedselitems vir hulle daaglikse maaltye, staatmaak, is die hardste deur die prysvasstelling getref.

Hierdie maatskappye is deur die Mededingingskommissie beboet vir hulle kartelgedrag. Dit het hulle egter nie gekeer om die voedselpryse op te skuif nie. Sedertdien het die koste van voedsel en die winste van hierdie maatskappye, skerp gestyg.

**Suid-Afrika se armes ly onder die stygende voedselpryse, terwyl groot voedselmaatskappye se winste styg.**




## Supermarkte is deel van die verneukspul

Die Mededingingskommissie het Suid-Afrika se grootste supermarkte ondersoek, aangesien hulle vermoed het dat hulle verbruikers te veel vir stapelvoedsel laat betaal.

Hierdie is dieselfde groot supermarkte wat hulle magte gebruik om kleiner besighede te keer om met hulle mee te ding.

**Die voedselstelsel in Suid-Afrika is stukkend!! Dis ongelyk en brutaal.**

**Winsbejag te koste van ons armste gemeenskappe is 'n skande!!**


african centre for biosafety

www.acbio.org.za
Tel +27 (0)11 486 1156